**Saterdag 21 Julie**

| Skrifgedeelte: Matteus 22:34-40; 5:43-48 | Fokusgedeelte: Matteus 22:37-40; Heidelbergse Kategismus 40:107 |
|---|---|

# Net Christus kan ons lewe anders en nuut maak

Dit kan wees dat jy sal sê dat jy, deur die genade van die Here, jou hart skoongemaak het van alle wraakgedagtes en haatgevoelens. Maar nog steeds kan jy nie sê dat die ses-de gebod nie op jou van toepassing is nie. Jy mag nie moord pleeg nie, het 'n ander kant van die muntstuk: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Wie haat en wraak uit sy hart wil verban, kan dit slegs deur die werk van die Heilige Gees doen, wat ons lewens vul met die liefde van God en wat dan uitloop op die liefde tot die naaste.

Kan ons vandag ons harte ondersoek om te vra of ons alle mense liefhet? Jesus sê selfs dat ons ons vyande moet liefhê. Soms kom ons skaars reg met die naaste naastes aan ons, ons eggenote(s), ouers en ander familielede. Selfs in die kerk is daar nie altyd die liefde tussen medebroers en –susters nie! Is daar kwaaivriendskap tussen jou en jou buurman, of kollega by die werk? Om van geduld in die verkeersknoop nie eers te praat nie! En om altyd vriendelik te wees? Dis te veel gevra, sal jy sê. En wat doen jy as jy jou naaste se beursie met sy bankkaarte en kontant optel?

Dra ons die belange van die naaste op die hart en gun hom die son wat oor hom skyn? Die gebod van die liefde laat ons skuldig staan.

Alleen Christus het sy vriende en vyande met 'n volkome liefde liefgehad. Hy het sy lewe vir sondaars soos ons afgelê. Net Hy kan dit anders en nuut maak in ons lewe om te begin liefhê: God bo alles en ons naaste soos onsself.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Mooirivier)*